'n Formele brief aan die pers (media)

'n Persbrief rig jy aan die redakteur van 'n koerant of tydskrif. Daarin lug jy jou mening oor 'n aktuele saak of reageer op 'n ander leser se brief. Dis eintlik 'n argumenterende opstel in briefvorm. Stel jou standpunt kort en kragtig en verkieslik op so 'n manier dat jy reaksie van die ander lesers uitlok.

ONTHOU:

Hou by die formele styl.

By 'n brief aan die pers word alle adresse links geskryf!

Hoewel jy die brief aan die redakteur rig, spreek jy hom of haar nooit in jou brief aan nie; die brief is aan die lesers in die algemeen gerig.

Vermy persoonlike aanvalle; hou by die sáák waaroor polemiek gevoer word.

Moenie afsluit met: "Ek hoop dat u dringend hieraan aandag sal skenk" nie. Die koerant / tydskrif se redakteur bied bloot aan mense die geleentheid om hul standpunt te stel, maar sy/haar betrokkenheid eindig gewoonlik daar.

Die redakteur
Huisgenoot
Posbus 692
Kaapstad
8000

Rig die brief altyd aan 'n persoon

(Reël oop)

Inhoudsopskrif
(gee 'n kort opsomming van die onderwerp van die brief). Kleinletters en onderstreep as jy dit skryf. Hier mag leestekens in die opskrif voorkom.

Geagte Heer/ Redakteur / Redaktrise **(of net Meneer / Mevrou)**

(Reël oop)

IS ONS BOKKE REGTIG NOU BO?

(Reël oop)

Inhoudsopskrif van die brief waarop hy reageer.

Ek kan glad nie saamstem met Bokke bo ("Huisgenoot", 17 November) waarin mnr. D. van der Walt beweer ons Springbokspan is nou (weer) die top-span in wêreldrugby nie.

Naam van die briefskrywer

Wanneer die brief in reaksie op 'n vorige brief of artikel geskryf word, is hierdie min of meer die bewoording van die eerste paragraaf.

(Reël oop)

[Paragraaf 2]

(Reël oop)

[Paragraaf 3]

(Reël oop)

Die slotsin is 'n afsonderlike paragraaf. Begin teen die kantlyn en eindig met 'n punt.

Ek glo daar is baie ander lesers wat ook met my sal saamstem.
Die uwe
Bok-bok **OF skrywer se regte naam**

Fred le Roux **(in alle gevalle word die skrywer se regte naam weer geskryf)**
Bokmakieriestraat 12
BELLVILLE **(kleinletters as jy dit skryf)**
7500
10 Augustus 2008

Jou eie adres met géén leestekens nie.
Eers die straat-naam en dán die nommer.